

INSTRUKSIES OM IN TE TEKEN

Ons gebruik 'n e-winkel webwerf om die inskrywings te hanteer (amper soos Amazon of takealot). Registreer gerus en skryf in vir die eerstejaarskamp, as eerstejaar, personeel- of komiteelid. Die e-winkel is gedeeltelik in Engels vanwee die platform wat ons gebruik.

Stappe om in te teken:

1. Kies die regte inskrywingsopsie: "Eerstejaar" vir alle eerstejaarstudente, "Personeel of Komitee" vir tweedejaar- en ouer studente.
2. Klik op "Add to cart" en kies daarna "Proceed to checkout" (Jy kan slegs een inskrywing op 'n slag doen, omdat elke inskrywing 'n eie registrasie proses volg).
3. Kies "Create account" om jou eie persoonlike rekening te skep en sodoende te registreer vir die kamp.
4. Na jou rekening geskep is ("Create account") sal jy 'n e-pos ontvang na jou korrespondensie e-posadres. Volg die instruksies soos in die e-pos aangedui of hieronder uiteengesit:
 - a. Om jou registrasie te voltooi, volg die volgende skakel: <http://ng-universiteitsoord6.mybigcommerce.com/eerstejaar-2018/>
 - b. Dit sal dieselfde openingsbladsy wees as toe jy begin het om te registreer. Klik hierdie keer op die "CART" knoppie regsbo aan die bladsy (hier behoort 'n swart 1 langs dit te staan) en kies "CHECK OUT NOW".
 - c. Klik op "PLACE ORDER". Jy sal dan 'n volgende e-pos met jou unieke verwysingsnommer ("Order ID" **met 'n # vooraan**) en die betaling instruksies ontvang.
5. Betaal die faktuur met 'n EFT-betaling en gebruik die #-nommer as verwysing.
6. Vanweë hoë volumes sal jy binne 'n paar weke (voor die begin van die kamp) 'n bevestigings epos vanaf NG Universiteitsoord ontvang.

Indien jy nog iemand wil skryf:

Indien jy 'n volgende persoon wil inskryf, maak seker jy "**SIGN OUT**" (regsbo op die bladsy) en begin weer deur 'n nuwe rekening te skep ("CREATE ACCOUNT"), volg die instruksies soos aan die begin. Jy kan twee of meer inskrywings met een EFT-oorbetaling betaal: plaas die verskeie "order ID's" in die verwysing met 'n spatie tussen elk.